BECKETT, D 1988: *The Fallacy of Heroes.* Johannesburg: SAGA Press.

Denis Beckett bied hier weer eens sy argumente vir 'n omvattende (intensiewe) demokrasie met oortuiging en selfvertroue aan. Hy propageer die idee dat daar in 'n omvattende demokrasie nie net periodieke verkiesings plaasvind nie, maar dat daar voortdurend demokratiese inspraak, herverkiesings, verbandhoudende verkiesings en so meer plaasvind en dat daar hierdeur as't ware 'n demokratiese netwerk tot stand kom wat afwykings haas onmoontlik maak. In sy inleiding stel hy dit kategories: *''I argue solely for installing the ballot-box as tyrant - a tyrant so terrible that none can prevail without it, a tyrant so powerful that each of us can find fruition with it.''* Elders betoog hy dat dit nie saak maak hoe radikaal 'n persoon is nie, solank hy sy saak met plakkaat, biljet en toespraak stel.

Beckett glo dat as daar eers werklik 'n stelsel van demokratiese besluitneming op alle vlakke gevestig is, sal 'n wisselwerking van individuele en groepsbelange 'n balans meebring waardeur minderhede se vrees vir oorheersing sal verdwyn. Maar die meesleurende redenasie ten spyt, oortuig hy nie volkome nie, want die vestiging van so 'n demokratiese tradisie waarvoor selfs militêre magshebbers sal swig, lyk al te veel na wensdenkery. Nietemin bly dit 'n lofwaardige ideaal wat hoegenaamd geen kans op sukses het nie, as dit nie propageer word nie en as dit nie in die harte van mense wortelskiet nie. In die uitbou van 'n demokratiese Suid-Afrika, vir al sy mense, is Beckett 'n waardige vlagdraer.

Dit is egter ook as 'n oopdekking en ontmaskering (al is dit by herhaling) van talle politieke mites, stereotipes en gewoon politieke lamsakkigheid dat hierdie publikasie boei. Hy wys op die feit dat die driekamerparlement swart verset verhoog het, want deurdat swartes anders as ander in die magstrukture geakkommodeer is, het dit hulle ontevrede gelaat. Glashelder is die volgende stelling *''The central black demand is for equal citizenship of South Africa - not for half citizinship or for equal citizenship of Natal or Beaufort West. The prospect of that demand ceasing before it is fulfilled is the same as the propect of water ceasing to flow before it reaches it's basin.''*

Hy wys op die noodsaaklikheid dat blankes besef dat swart bevryding al waarborg is vir blanke vryhede. Hy illustreer die feit dat nie net die blankes konserwatief is nie, maar ook swartes, al streef hulle na hul vryheid. Wat meer is, almal smag na demokrasie. Boonop, 'n normale samelewing veronderstel in elk geval natuurlike en spontane groepvorme. Dan sluit hy af met 'n sterk ''etniese'' argument - as elke Sotho vir 'n Sotho sou stem, en elke Afrikaner vir 'n Afrikaner en so meer, dan sou intensiewe demokrasie ons bring by 'n werklike demokratiese balans tussen die groepe sonder enige werklike bloedvergieting - dit lyk so naby en tog so ver. Hierdie is 'n boek wat ons almal behoort te lees - dit is, almal wat glo in Suid-Afrika en sy mense.

M.H. Trümpelmann